



Munisipaliteit  
Municipality  
Umasipala

**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 29 AUGUSTUS 2019 OM 10:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Speaker, rdl M A Rangasamy

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen

Uitvoerende Onderburgemeester, rdd M S I Goliath

Bekebu, Z (ANC)

Bess, D G (DA)

Daniels, C (DA)

De Beer, J M (DA)

Humphreys, F S (ANC)

O'Kennedy, E C (DA)

McQuire, V D (DA)

Penxa, B J (ANC)

Philander, D B (ANC)

Smit, N (DA)

Sneewe, A M (ANC)

Solomons, P E (DA)

Stanley, B J (DA)

Stemele, O M (DA)

Van der Westhuizen, R F (DA)

Van Zyl, M (DA)

Zatu, N S (ANC)

**Beampes:**

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz

Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit

Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann

Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys

Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche

Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger

Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

**1. OPENING**

Die Speaker versoek Vader Craig Abrahams van die Anglikaanse Kerk, Malmesbury om die vergadering met skriflesing en gebed te open.

Die Speaker verwelkom teenwoordigers en versoek 'n oomblik van stilte in medelye met die lewensverliese die afgelope tyd, spesifiek tydens skietvoorvalle in Kalbaskraal en Chatsworth.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle E S M Maart, L E Mfutwana en C H Papers.

**3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS**

Geen

**4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING**

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 25 JULIE 2019**

**BESLUIT**

(op voorstel van rdd M van Zyl, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 25 Julie 2019 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

**5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

5./...

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notule:

- 5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 19 JUNIE 2019**  
saamgelees met  
**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE PORTEFEULJESKOMITEES GEHOU OP 12 JUNIE 2019**
- 5.2 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 17 JULIE 2019**

**6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER****BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

- 6.1 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 20 JUNIE 2019**
- 6.2 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 24 JUNIE 2019**

**7. SAKE VIR BESPREKING****7.1 GOEDKEURING VAN DIE TYDSKEDULE VAN DIE 3<sup>DE</sup> HERSIENING VAN DIE 2017-2022 GOP EN OPSTEL VAN JAARLIKSE BEGROTING (2/1/4/4/1)**

Die burgemeester moet ingevolge artikel 21(1)(b) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) ten minste tien maande voor die begin van die begrotingsjaar 'n tydskedule aan die Raad voorlê met sleutel sperdatums insake die hersiening van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en begrotingsproses.

Die tydskedule vir die 3<sup>de</sup> hersiening van die 2017-2022 GOP en die opstel van die jaarlikse begroting is met die sakelys gesirkuleer.

Die Munisipale Bestuurder verduidelik, ook met verwysing na item 7.4 van die sakelys, dat verdere skakeling met rolspelers wysigings aan die tydskedule kan noodsaak.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesecondeer deur rdd M S I Goliath)

- (a) dat die tydskedule vir die 3de hersiening van die 2017-2022 GOP en die opstel van die jaarlikse begroting kragtens artikel 21(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003, goedgekeur word;
- (b) dat die Provinsiale Tesourie en die Departement van Plaaslike Regering in kennis gestel word van die voldoening aan artikel 21(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur en van afskrifte van die tydskedule voorsien word;
- (c) Dat, indien daar wysigings aan die tydskedule moet plaasvind as gevolg van verdere skakeling met ander rolspelers, onder andere die Weskus Distriksmunisipaliteit, die Uitvoerende Burgemeestereskomitee opdrag gegee word om die wysigings te bewerkstelling en die Raad dienooreenkomstig in kennis te stel.

**7.2 GOEDKEURING AS PRIORITEIT BEHUISINGONTWIKKELINGSAREA (17/4/2/B)**

Die Nasionale Departement van Menslike Nedersettings het op 17 Mei 2019 'n lys gepubliseer van Prioriteit Behuisingontwikkelingsareas / *Priority Housing Development Areas* (PHDAs).

7.2/...

'n Vergadering met die Nasionale en Provinsiale Departemente van Menslike Nedersettings het op 7 Augustus 2019 plaasgevind om oorweging daaraan te verleen om gebiede in die Swartland munisipale gebied, weens die strategiese ligging tussen Stad Kaapstad en Saldanhaabaai wat reeds as PHDAs geïdentifiseer is, as PHDAs te oorweeg.

Rdl D B Philander, namens die ANC, noem dat alhoewel die ANC nie 'n beswaar het teen die identifisering van PHDAs nie, die fokus op die integrering van gemeenskappe moet wees. Daar moet dus weg beweeg word vanaf apartheids-ruimtelike beplanning om behuisingsprojekte aan die buitewyke van dorpe te vestig. Rdl D B Philander versoek die DA om die voorstel te ondersteun om PHDAs eerder in dorpsgebiede te identifiseer as vir die De Hoop-ontwikkeling.

Rdl O M Stemele, namens die DA, vestig die aandag daarop dat die De Hoop-ontwikkeling binne die stedelike randgebied val en dat 'n geïntegreerde behuisingsontwikkeling beplan word met verskillende tipes behuising. Alhoewel die integrering van gemeenskappe ondersteun word, is die ruimte, met in agneming van die behuisingswaglys, in die dorpsgebied te beperk vir hierdie tipe ontwikkeling. Rdl Stemele noem verder dat Malmesbury in die rigting van die De Hoop-ontwikkeling uitbrei wat ekonomiese aktiwiteite in die omgewing tot gevolg sal hê en dat die ontwikkeling in lyn is met LUPA- en SPLUMA-beginsels.

Die Munisipale Bestuurder ondersteun die kommer van behuisingsontwikkelings aan die buitewyke van dorpe, met spesifieke verwysing na die hoë kostes verbonde aan die vestiging van infrastruktuur. Die Munisipale Bestuurder noem dat die afbreek van die apartheids-ruimtelike-beplanningsindroom aandag geniet deur die identifisering van herstruktureringsones (restructuring zones) in die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR). 'n Voorbeeld is die toekomstige behuisingsprojek in Riebeeck Kasteel wat met die dorp geïntegreer sal word.

Rdl N S Zatu en Z Bekebu ondersteun die standpunt van rdl Philander en beklemtoon weereens die behoefte aan sosiale integrasie van gemeenskappe, omrede die De Hoop-ontwikkeling nie die totale behoeftes op die behuisingswaglys kan aanspreek nie. Mense wil nie op die rand van 'n dorp leef nie, maar daar waar winkels/fasiliteite is. Rdl Bekebu versoek dat die geleentheid gebruik word om die eerste munisipaliteit te wees wat integrasie van gemeenskappe moontlik maak, en spreek sy misnoë uit dat die DA nie die voorstel ondersteun nie.

### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl C Daniels)

- (a) Dat die katalitiese behuisingsprojek, De Hoop, in Malmesbury deur die Raad goedgekeur word as 'n *Priority Housing Development Area (PHDA)*;
- (b) Dat die besluit van die Raad aan die Nasionale Departement van Nedersettings via die Provinsiale Departement van Nedersettings gekommunikeer word nie later nie as 13 September 2019.

### **7.3 AANVAARDING VAN (1) WATER- EN SANITASIE WYSIGINGSVERORDENING EN (2) VERORDENING INSAKE INSTALLASIE VAN TELEKOMMUNIKASIE-INFRASTRUKTUUR (1/1)**

Die konsep verordening is op 30 Mei 2019 aan die Raad voorgelê met die doelstelling en uitvoerende opsomming van elke verordening. Die konsep verordeninge is deur die Raad in beginsel aanvaar onderhewig aan 'n publieke deelnameproses.

Daar is geen publieke insette ontvang nie en die konsep verordening is op 21 Augustus 2019 aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê vir oorweging en aanbeveling aan die Raad.

Rdl D B Philander noem dat die ANC gekant is teen die aanvaarding van die verordening deurdat die basiese reg van mense om toegang tot water te hê weggeneem word. Verder kan die stelsel nie vertrou word as buitensporige hoë waterrekeninge ontvang word nie, en watertoevoer hierdeur bedreig word.

Nadat rdl O M Stemele verduidelik dat die verordening ten doel het om die omstandighede vir en vasstelling van waterbeperkings meer duidelik uiteen te sit, word die aangeleentheid deur die Speaker tot stemming geroep.

Die aanvaarding van die konsep verordeninge word beslis met 14 raadslede ten gunste daarvan en ses raadslede daarteen gekant.

### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat die volgende verordeninge deur die Raad aanvaar word, om in werking te tree op datum van afkondiging in die Provinsiale Koerant:

- Swartland Munisipaliteit: Water- en Sanitasiedienste Wysigingsverordening;
- Swartland Munisipaliteit: Verordening insake die Installasie van Telekommunikasie-Infrastruktuur.

## **7.4 2020 VERGADERINGSKEDULE (3/4/2/1)**

Die konsep 2020 Vergaderingskedule is met die sakelys gesirkuleer.

### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl P E Solomons, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

- (a) Dat die voorgestelde vergaderingskedule vir 2020 aanvaar word;
- (b) Dat die datums vir publieke insae in die plaaslike media gepubliseer word, asook op die munisipale webtuiste op 'n halfjaarlikse basis;
- (c) Dat elke raadslid van die finale skedule voorsien word, sowel as die Weskus Distriksmunisipaliteit vir beplanningsdoeleindes;
- (d) Dat die vergaderingskedule ook aan SALGA en die Provinsiale Departement van Plaaslike Bestuur voorsien word.

**GETEKEN:  
SPEAKER**